

**A.a. Dag 2: Vrygekoopte, keer terug en leef só dat die nasies na die HERE se huis toe wil stroom (Jes 1:21-2:5)**

**In God se hofsaak is jy skuldig en is verdiende straf jou deel, maar as vrygekoopte word jy geroep om terug te keer en te leef in die lig van die HERE, sodat alle nasies ook na die HERE se huis toe wil stroom**

**1. Die hofsaak vervolg (1:21-31)**

**1.1. Die uitspraak: Wee hulle!**

1 b 21 Helaas, sy het 'n prostituut geword, die getroue stad! Sy was gevul met die reg; geregtigheid het in haar oornag, maar nou net moordenaars. 22 Jou silwer het metaalskuim geword, jou koringbier is met water verdun. 23 Jou hoë amptenare is koppig en span met diewe saam. Hulle almal is lief vir omkoopgeld en jaag belonings na. Vaderloses se reg handhaaf hulle nie, en weduwees se regsake dien nie voor hulle nie.

Huweliks ontrow – van vrou tot prostituut... Miga en Amos was tydgenote van Jesaja met dieselfde boodskap. Miga 3:9-11, 6:8 en Hosea 5:12

1 a 24 Daarom is dit die uitspraak van die HERE, die Heer Heerser oor alle magte, die Magtige van Israel:

H3068, Yehovah

H6635 Heerser

H113, Adonai, Eienaar

Eienaar of besitter. Wys op die majesteit van God. Meervoudsvorm (Here) 1953 want God nie enkelvoudig

“Wee hulle!  
Ek gaan voldoening ervaar oor my teenstanders;  
Ek gaan My wreek op my vyande.  
25 Ek sal my hand teen jou draai,

H46, die Magtige Een

Die magtige Een (net ook in 49:26, 60:16 en drie ander plekke in Bybel)

2 a jou metaalskuim uitsmelt soos met potas, al jou onsuiverhede verwyder.

**1.2. Inkeer, so keer terug**

26 Ek sal jou regters tot inkeer bring soos dit voorheen was, en ook jou raadgewers soos dit aan die begin was.

Jes 35:9-10, 51:11-12

Daarna sal jy genoem word: Stad van Geregtigheid, Getroue Vesting.”

2 b 27 Sion sal net deur reg vrygekoopt word, en dié van haar wat terugkeer, deur geregtigheid.

1 c 28 Sowel oortreders as sondaars sal verpletter word; wie die Here verlaat, sal omkom. 29 Ja, hulle sal beskaamd staan oor die terebintbome wat julle so begeer. Julle sal verleë wees oor die tuine waarvoor julle so gaande is. 30 Ja, julle sal wees soos 'n terebintboom waarvan die blare verwelk, soos 'n tuin wat geen water kry nie. 31 Die sterker sal vlasvesels word, en sy dade 'n vonk. Beide sal saam verbrand, terwyl niemand dit kan blus nie.

13 Christus het ons vrygekoopt van die vervloeking van die wet deurdat Hy in ons plek 'n vervloeking geword het, want daar staan geskryf: “Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang.” 14 Die doel was dat [1] die seën wat Abraham ontvang het in Christus Jesus, na die nasies sou gaan, en [2] dat ons die Gees wat beloof is, deur die geloof sou ontvang. (Gal 3:13-14)

## 2. Die eindbestemming van die nasies (2:1-5)

1 Die woord wat aan Jesaja, seun van Amos, geopenbaar is in verband met Juda en Jerusalem.

Jesaja 2:1-4:6 is 'n eenheid en vertel van die toekomstige heerlijkheid van Juda en Israel

### 2.1. Sodat, in die laaste dae al die nasies na die HERE se huis toe sal stroom

H3068, Jehovah (Verbondsgod)

2 In die laaste dae sal die berg van die HERE se huis stewig staan as die hoogste van die berge; hy sal bo die heuwels uittroon.

5a

Al die nasies sal daarheen stroom; 3 baie volke sal gaan en sê: "Kom, laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, sodat

5b

i Hy ons van sy paaie kan leer,  
ii en ons sy weë kan volg."

H430, Elohim (verhewe God)

### 2.2. Onderrig die nasies

Ja, uit Sion sal daar onderrig kom, en die woord van die HERE uit Jerusalem.

4a

4 Hy sal regspraak tussen die nasies, die reg handhaaf vir talryke volke.

4b

Hulle sal van hulle swaarde ploegskare smee, en van hulle spiese snoeimesse. Nasies sal nie meer die swaard teen mekaar opneem nie; hulle sal nie meer leer om oorlog te maak nie.

Soortgelyk in Joël 3:10 en Miga 4:3

### 2.3. Leef in die lig van die HERE

5 Huis van Jakob, kom, laat ons leef in die lig van die HERE.

3a,b

Hoofstuk 1:1-2:5 was 'n mikro kosmos van die boek. Die meeste temas van die boek het voorgekom. Jesaja, noem 'n tema en geleidelik deur die boek groei die tema en groei die Godsopenbaring meer en meer. Om die lyne te volg, gebruik ons die kleure soos volg:

**Rooi – Sonde van die mens en God se toorn en straf**

**Pers - God se verhewendheid, eer en heerlijkheid**

**Pienk - God, die Losser, Dienskneg, Jesus Christus en verlossing**

**Donkerblou – Soewereine God, Heerser van alle magte**

**Tussenblou – God se heiligheid en ook die Heilige Gees**

**Donkergroen – Verbond, Verbondsgod en beloftes**

**Bruin - Pad en stad, Nuwe Jerusalem**

**Liggroen - Nuwe lewe en vreugde**

**Ligblou – Dinge wat gelowige doen: bv. terugkeer, geloof, vertrou en hoop**

**Oranje – Gelowiges en veral waar dit uitgelig word dat dit vir alle nasies bedoel is**

**Swart – Algemene inligting en agtergrond**

**Grys – aanduidings van tyd, veral die eindtyd**